



28 NOVEMBER 2021

TORINGKERK

nuts



DIEP & VÊR GEMEENSCHAPSETE

NURTURING A COMMON LIFE


COMMON PRAYER

Advent is the season when we remember how Jesus put on flesh and moved into the neighbourhood. God getting born in a barn reminds us that God shows up in the most forsaken corners of the earth. Shaping a life together sometimes begins simply by creating a space for community. A reporter once told Mother Theresa, "I wouldn't do what you do for a million dollars." She responded, "Me neither". We live in community and among the suffering because it is what we are made for. Not only does it give life to others, but it gives us life as well.

WELKOM BY DIE EREDIENS!

Die somer is hier, so ons eredienste begin weer 9h00, so onthou om jou wekker te stel! Kom kry gerus vir jou koffie by die voordeur. Ons moedig jou aan om jou eie koppie saam te bring van die huis af.

Ons vra almal wat eredienste bywoon om asb jou masker tydens die **hele verloop** van die erediens te dra. Ons is baie bewus van COVID gevalle wat weer aan die styg is en wil alles in ons vermoë doen om almal veilig en gerus te laat voel. Baie dankie!



EERSTE SONDAG VAN ADVENT

Die eerste Sondag van Advent is die Sondag van Hoop.

Ons gedenk die Sondag van Hoop te midde van die **16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders**. Ons kan ook nie vergeet dat ons hierdie week Vigsdag herdenk het nie.

Terwyl ons dus vandag die eerste Adventkers aansteek, is ons oë stip gefokus op die swaarkry van ons wêreld. Maar ons oë is ook stip gefokus op die Lig vir die Wêreld, ons hoop.

KERSSANGDIENS

Ons is baie opgewonde vir ons jaarlikse Kerssangdiens. Hierdie jaar is dit ook vir ons besonders spesiaal, aangesien ons eie gemeentedele ook deel gaan vorm van die Kersspel.

Kom sing saam. Kom kuier saam. En kom wees deel van hierdie stille en heilige nag. Jesus is gebore!

Jy is so welkom! (Streng COVID protokol sal toegepas word. Onthou asb jou masker!)

Sondag | 5 Desember 2021 | 19h00



SKOONMAAKMIDDEL

Vir die maand van Desember beplan ons om 'n baie spesiale Kersfees pakkie te pak vir ons Diep & Vêr familie!

Ons benodig nog die volgende voor 1 Desember:

Skottelgoedopwasmiddel: 13

Handy Andy (of iets soortgelyk): 33

Jy is welkom om dit by die kerkkantoor af te laai. Baie dankie vir elkeen wat al 'n bydrae gemaak het!

Andersins kan jy vir Hannelie of Janneke kontak vir 'n ander reëling.



BORG 'N KOSPAKKIE!

Ons Diep & Vêr projek is nou al meer as 'n jaar oud - waar ons elke maand vir 46 gesinne kan ondersteun deur 'n kospakkie te gee.

Hoe kan jy betrokke raak?

- Borg 'n kospakkie vir R250 (betaal in by kerk)
- Samel kositems in (laai af by kerk)
- Word deel van die kospakkie-pakkers groep
- Bid vir die gesinne wat hierdie kospakkes ontvang

Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.

BORG 'N BLADSY VIR ONS 2022 KALENDER

Die jaar is amper verby! Ons begin beplan vir ons gemeente se 2022 kalender! Hier is 'n lekker geleentheid vir jou om jou besigheid te bemark! Ons kalenders word wyd en suid versprei en jou besigheid het die geleentheid om binne in mense se huise bemark te word! Die bladsy van Januarie, Maart en Desember van 2022 is steeds beskikbaar.

Kontak gerus vir Annelie indien jy belangstel om 'n maand te borg teen R800.



NATANIËL

Na 'n langverwagte tyd van uitsien, kon ons uiteindelik 'n wonderlike Saterdagavond geniet en heerlik lag met stories en sang van Nataniël.

Ons is dankbaar vir elke persoon wat 'n kaartjie gekoop het om by te dra tot hierdie geleentheid. Ons sien uit om meer kultuur en vertonings in Toringkerk te hou ter viering van gemeenskap.

Baie dankie vir Dawfre vir sy harde en goeie werk om hierdie geleentheid moontlik te kon maak. Ons waardeer jou tyd, geduld en organisering ongelooflik baie!



GREYTON STAPTOER!

Ons is baie opgewonde om weer einde van die jaar saam met 'n paar tieners van die Paarl en Wellington-areas die Greyton staptoer aan te pak! Hierdie staptoer bied vir tieners die geleentheid om te ontsnap uit die gewone roetines en om die Here te ontdek in die natuur en mekaar.

Ons benodig nog die volgende:
- Pastaslaai vir 35 mense (bestandele)

Baie dankie vir die beskuit-borg wat ons reeds ontvang het!

Indien jy moontlik sou kon help, kontak gerus vir Janneke.



POPPEKAS

Volgende Sondag (5 Desember) kom kuier die diere van Moeggeploeg plaas weer vir ons tydens ons erediens!

Ons nooi jonk en jonk-van-gees om God te leer ken op hierdie kreatiewe manier. Maak gereed om te lag en ook na te dink oor wat die diere vir ons kom vertel.

Hierdie poppekasdiens sal dan ook die afsluiting wees vir ons gemeente se kinderkleingroepe.

Almal is welkom!

Sondag erediens | 9h00 | Poppekas





DIEP & VÊR - GEMEENSKAPSETE

Verlede Vrydagaand het die Diep & Vêr span vyf van die gesinne wat maandeliks voedselondersteuning by Toringkerk ontvang, genooi vir 'n heerlike ete in die kerksaal. Die tema was "Somer" en dit het beslis so gevoel. Ons het nie net saam geëet, gekuier en gesing nie, maar ons het ook kans gekry om met mekaar te deel waar ons die Here hierdie jaar kon ervaar het.

Ons is so dankbaar vir Hannelie wat die aand so besonders mooi aangebied het, vir Zetha wat die taferversierings gemaak het met plante uit haar eie tuin, Christine wat heerlike tuisgebakte brownies gemaak het, vir elkeen wat lasagna self gemaak het of aangeskaf het, vir Ellie wat die mooiste musiek en aanbiddings liedere gelei het en elke gemeentelid en familie van ons Hidden Treasures netwerk wat hierdie aand so gesellig gemaak het.

Soos ons altyd in die gemeente sê: "mag ons mure korter word en ons tafels langer". Ons is dankbaar dat ons dit nie net kan sê nie, maar kan LEEF ook. **Indien jy deel wil word van ons Diep & Vêr span, kontak gerus vir Janneke.**



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



Dagboek DIE DATUM



5
DES. POPPEKAS
Kom geniet die
erediens saam as gesin!



5
DES. KERSSANGDIENS
Toringkerk | 19:00



25
DES. KERSFEESDIENS
Toringkerk | 08:00



31
DES. NUWEJAARSDIENS
Toringkerk | 18:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.
BID . SIEN . DEEL



VEELS GELUK JANA!

Ons vier Jana se nuwe lewensjaar op 4 Desember! Jana, dankie vir die ongelooflike toevoeging wat jy tot ons gemeente en elkeen se menswees het. Jy bring warmte, wysheid, avontuur, kreatiwiteit, insig, perspektief en by tye ook die nodige rus en stilte.

Ons kyk terug op 'n wonderlike jaar wat verby is en ons *cheer* jou aan vir die jaar wat kom. Mag die Here jou beskerm, troos, aanmoedig en inspireer in jou volgende lewensjaar. Weet dat jy nooit alleen stap nie. Veels geluk liewe Jana!

GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Johan Smit** vir beterskap. Ons bid vir gesonde herstel.
- Ons bid vir **Thea Carstens** wat in Paarl Medi Kliniek se ICU herstel. Ons bid vir Niël, haar ouers, familie en vriende.
- Ons bid vir **Rina en Manie Bester** wat beide gesondheidskwessies beleef. Bid asb vir pynlose en spoedige herstel.
- Ons is steeds dankbaar dat **Gretchen Klue** se rug operasies 'n sukses was. Ons bid vir haar vir volle herstel, krag en energie.
- Ons bid vir **Hannie Jonker** met die herstelproses na haar operasie. Ons bid vir beterskap.
- Ons bid vir Dawfre vir beterskap. Ons dink aan jou en bid vir jou.
- Ons bid vir **alle matrieks en leerdere** met die eindeksamen. Ons bid vir rustigheid en deursettingsvermoë.
- Ons bid vir **Magda van Wyk** se beterskap en gesondheid. Ons dink aan jou en bid vir jou.
- Ons bid vir **Cathleen Horne** met die herstel van haar skoueroperasie.
- Ons bid vir die voorbereiding van die **Greyton staptoer**. Mag dit 'n geseënde tyd wees.
- Ons bid vir ons **Diep & Vêr familie**, hul gesinne, gesondheid en vrede in hierdie Kerstydperk.

As jy 'n behoefte het om blomme, 'n bord kos, geskenk of deernis by die families te gaan aflaai, gesels gerus met die leraars vir verdere reëlings. As een lid ly, ly die hele liggaam.

Kontak asb enige van die leraars as ons vir jou kan bid.



TORINGKERK BOEKWINKEL

ONS BENODIG JOU OU BOEKE!!!

Bring asseblief jou ou boeke na die Kerk kantoor en wees deel van hierdie opwindende projek. Jou bydrae kan 'n wesenlike verskil maak. Meer inligting volg binnekort!!



TORINGKERK BOEKWINKEL

Bring asseblief jou ou boeke na die kerk kantoor.
Stuur 'n boodskap vir Marli by 082 550 3846 om jou deel van die Boekwinkel W-up groep te maak.
Deur 'n boek te koop dra jy dadelik R50.00 by tot die Diep-en-Ver projek.
Daar gaan soveel winskopies wees, jy wil dit nie mis nie!! Slegs 1 x boodskap per week geplaas op die groep - verdere kommunikasie is privaat. 😊



BAIE GELUK

met jou verjaarsdag!

28/11 Mia-Lize Perold	01/12 Marnus Maree
29/11 Nico Barnard	01/12 Liam Pieters
29/11 Michiel de Kock	01/12 Ruben Swanepoel
29/11 Suzette Germishuys	01/12 Renate Wiese
29/11 Louise Goslett	02/12 Huimari Franken
29/11 Eldette Makkink	02/12 L'zuné Gildenhuys
30/11 Marleze Goosen	03/12 Wenda Cilliers
30/11 Marita Mans	04/12 Karo Engelbrecht
01/12 Lizelle Boetzkes	04/12 Ian Kellerman
01/12 Hannie Jonker	04/12 Jana Van den Munckhof
01/12 Lizelle Krige	





ADVENT

Jesus, die Lig vir die wêreld! Dit gaan gepaard met kerse en liggies - liggies wat ons daaraan herinner dat Jesus gekom het om die Lig vir die wêreld te wees.

Advent is 'n tyd van verwagting en voorbereiding op Christus se koms. Die woord Advent is afgelei van die Latynse woord adventus wat "koms" beteken. Advent fokus op die feit dat ons tussen die tye van Christus se eerste koms en Sy wederkoms leef en dit behoort ons leefwyse te bepaal. Dit is 'n tyd van afwagting en verwagting maar ook 'n tyd om aktief God se liefde in die wêreld uit te leef.

Advent begin op die vierde Sondag voor Kersfees en duur tot en met Oukersaand. Advent is deel van die Kerssiklus en ook die begin van die Kerkjaar. Die Kerssiklus begin met hoop en afwagting tydens Advent en loop uit op vreugde met Kersfees en sluit af met Epifanie.

Daar is verskeie simbole wat met Advent verbind word, maar die gewildstes is seker die Adventkrans en die Adventkalender. Die Adventkrans word gevleg of gevorm uit groen blare en takke. In die sirkel word vier kerse geplaas met 'n vyfde een in die middel. Die middelste kers is wit (die Christuskers) en die drie ander is blou of pers, die laaste een is ligroos. Met die aansteek van 'n kers word daardie spesifieke Sondag se tema gevier, nl. hoop, vrede, vreugde en liefde. Die rooskleurige kers, wat juis 'n uitsondering op die ander kerse is, word gewoonlik op die derde Sondag aangesteek omdat dit geassosieer word met vreugde.

Kersdag vorm die hoogtepunt en afsluiting van Advent.

Jesus, die Lig vir die wêreld is nou vir altyd by ons en die wete dring ons om self ook ons lig in die wêreld te laat skyn.

28 November: WEEK 1 – HOOP

Psalm 80:1-7; 17-19

5 Desember: WEEK 2 – GELOOF

Jesaja 40:1-11

12 Desember: WEEK 3 – VREUGDE

Johannes 1:6-8;19

19 Desember: WEEK 4 – VREDE

Lukas 1:26-38

25 Desember: KERSDAG – LIG

Psalm 90

26 Desember: SONDAG NA KERSDAG - DIE HERE GEE JOU 'N NUWE NAAM

Jesaja 61:10 – 62:3



28 NOVEMBER 2021

TORINGKERK

nuus



TORINGKERK ZAPPER



BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176



MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.